

**Sondag 20 September**

**Skrifgedeelte: Ester 4**

**Fokusgedeelte: Ester 4:14**

### **God regeer!**

'n Hele klomp toevallighede? 'n Wonderlike sameloop van omstandighede? Is dit wat 'n mens in Ester lees? Alles pas darem net te maklik in mekaar – amper soos 'n legkaart!

Nee, dit is nie blote toevallighede nie! Dit is in werklikheid God se leiding en voorsienigheid by 'n keerpunt in sy volk se geskiedenis. Hy bestuur tot die kleinste besonderhede.

Dit is God wat gesorg het dat Ester op hierdie stadium koningin in die koninklike paleis van Ahasveros is. In die krisisuur kon sy vir die Jode 'n voorspraak by die koning wees. God het voorsien *met die oog op 'n tyd soos hierdie ...* (4:14)

Ester wou die waarheid hiervan eers nie raaksien nie. Sy wou maar net koningin wees en klaar. God het egter haar oë oopgemaak deur Mordegai se woorde aan haar. Sy het besef dat die Here haar as koningin wil gebruik *met die oog op 'n tyd soos hierdie*. Mordegai het ook duidelik vir haar gesê: God is nie van jou afhanklik nie. As jy ongehoorsaam is, sou Hy in sy almag op 'n ander wyse redding vir sy volk bewerk.

Ons bevind ons in die lewe nie net voor 'n sameloop van omstandighede nie, maar voor die Beplanner daarvan. Ook Golgota wys hoe God optree in 'n sameloop van omstandighede waarby Hy skynbaar afwesig is en wat skynbaar deur aardse konings en bese magte bepaal word. God het daar volmaak voorsien om ons te verlos – in Jesus Christus! Sy opstanding uit die dood het bewys dat God aan die stuur van sake is.

Mag jy met nuwe oë na jou lewe en na gebeure in jou lewe kyk! Weet dit: God is aan die stuur en wil jou ook op 'n besonderse manier gebruik in sy koninkryk. Ook binne die omstandighede waarin jy geplaas is. Jou lewe is nie doelloos nie!

*Sing: Psalm 145-2:1, 2, 3*

*Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)*